Getuienis Sondag 22 Mei 2022

Goeiemôre en Hartlik welkom.

Ek hoop dat julle elkeen ‘n goeie week gehad het.

Ek wil graag vanoggend begin met ‘n gedagte van Ann Voskamp. Ann het gesê:

- *You only begin to change your life when you begin to change the way you see*
- *Dit is nie waarna jy kyk wat saak maak nie, dit is hoe jy sien wat saak maak.*

Ons is steeds besig met ons reis deur Openbaring. Volgende week sluit ons dit af, ook met die afskop van Pinkster. Ons lees vanoggend uit Openbaring 21:

10. Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na 'n groot hoë berg toe geneem en die heilige stad Jerusalem vir my gewys, wat van God af uit die hemel uit afkom.

22. 'n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam.
23. Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.
24. Die nasies sal in die stad se lig lewe, en die konings van die aarde verleen luister daaraan.
25. Die poorte daarvan word gedurende die hele dag nooit toegesluit nie: daar sal nie meer nag wees nie.
26. Die mense sal die luister en die rykdom van die nasies daarheen bring.
27. Niks onreins en niemand wat iets losbandigs en vals doen, sal ooit daarin kom nie, maar net die wie se name in die boek van die lewe, die boek van die Lam geskrywe staan.

1. Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit.
2. Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies.
3. Daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie. Die troon van God en van die Lam sal in die stad wees, en sy dienaars sal Hom dien.
4. Hulle sal Hom sien, en sy Naam sal op hulle voorkoppe wees.
5. Daar sal nie meer nag wees nie. Die mense het nie die lig van 'n lamp en die lig van die son nodig nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en hulle sal tot in alle ewigheid regeer.

Ons almal kyk anders na die wêreld. Ons almal is ook uniek op ons eie manier. Daar is verskeie toetse wat hierdie uniekheid vir ons blootstel. Een van die toetse wat my die meeste gehelp het, is die Myers Briggs 16 type indicator. Die eerste vragie is of jy ’n ekstrovert of introvert is. Kry jy jou energie vanaf mense, of tap mense jou energie.

Die tweede vragie is egter- hoe kyk ek na die wêreld. En dan is daar 2 opsies, die “sensing” en die “intuition”. En so kry ons verskillende mense. Ons sien dit veral wanneer mense ‘n huis koop. Dan sal die man (wat sterk sintuiglik waarneem) na die huis kyk en die volgende dink, ja dit is pragtig. Ek hou van die kamer, dit is groot genoeg. Hier is plek vir ons meubels. Die sintuiglike metode van data versameling is gestel op feite, detail, realiteit, bruikbaarheid. Dit sal sê, hierdie is wat ek sien. Hierdie is wat hier voor my is.

Die vrou (wat meer op intuïsie ingestel is), sal in dieselfde vertrek instap en sal dadelik die moontlikhede sien. Sy sal dink, ag pragtig, ons verf die muur ‘n donker blou, ons sit hierdie vloere in

en ons kan die tv daar plaas. Die intuïtiewe benadering is meer gefokus op betekenisse, assosiasies, moontlikhede, toekoms, fantasie. Sy sien die wêreld soos dit kan wees...

Ek wonder in julle huisgesin, wie is wie?

Die waarde van byvoorbeeld in ’n huwelik, is om juis beide die partye daar te hê, die een wat dit sien soos wat dit is, en die een wat die moontlikhede sien. So verskil ons almal na hoe ons kyk na die wêreld. En dit is asof Openbaring vir ons vra om meer op ons Intuïtiewe waarneming staat te maak. Asof ons bietjie saam met Johannes in die verbeeldingswêreld moet inklim, sodat dit ons hopelik help vorm vir vandag.

Ek hoop dat ons jou die afgelope paar weke gehelp het met die boek Openbaring. Dat jy besef het dit is nie ‘n bangmaak boek (scary-movie) nie. Die doel is nie om vrees te veroorsaak nie, maar juis om ons van Liefde te vertel. Die doel is nie om ons te vertel van die oordeel wat kom nie, maar liewer die liefde wat daar vir ons elkeen is. Openbaring is tekste van hoop, aanmoediging, nie bangmaak tekste nie.

Maar dit vat ‘n unieke kyk na die situasie. Want soms moet jy meer sien as wat daar eintlik op die eerste oog opslag af sigbaar is. Soos byvoorbeeld hierdie dame. Ek wil vir haar, in haar rolstoel ’n drukkie gee en vir haar sê, well Done... Jy doen iets wat ek elke dag wens ek ook kan doen. Well done.

Ons lees hierdie week hoe Johannes die beeld van Jerusalem sien. Maar nie die Jerusalem wat mens ken nie, die nuwe Jerusalem. Die sogenaamde stad wat jy eendag in die Hemel sal beleef. En ons lees die volgende vreemde goed oor die stad:

- Daar is nie ‘n tempel nie, want die teenwoordigheid van God is oral
- Daar is nie ‘n son en ‘n maan nie, want die heerlikheid van God verlig almal
- Daar sal nie donker wees nie
- Die poorte/deure bly die hele tyd oop- dus is enigeen welkom.
- Alles en almal wat daar woon is Goed. Alles is mooi.

(En ons lees in Hoofstuk 22)

- Daar is ‘n rivier van lewende water
- Daar is (soos aan die begin van die Bybel) die boom van die lewe.
- Die boom is nie daar vir homself nie, maar om vrugte te dra en genesing te bring
- Dit is ‘n ruimte waar God gedien word
- Dit is die ruimte waar God gesien word.
- En dan word daar weer bevestig dat daar geen donker gaan wees nie.

En dit is ‘n pragtige beeld, maar die vraag bly steeds, hoe help dit my nou hier? Hoe help hierdie ideale prentjie my om op 22 Mei 2022 in Suid-Afrika te leef… Ek wens ek het vir myself of vir jou ‘n maklike antwoord gehad van hoe hierdie beeld jou kan help, maar ek het nie.

Wat ek wel weet, is dat ons soms iets moet sien, en omdat jy dit voor jou sien / kan visualiseer, dan maak it dat jy nou anders hier optree.

As jy byvoorbeeld kan sien wat jou besigheid kan word, as jy daardie prentjie in jou kop het, dan begin jy aktief daarna werk

As jy kan sien wat jou punte na die eksamen op jou rapport is, as jy dit kan sien- dan begin jy nou werk daarvoor.

Soos as jy byvoorbeeld voor jy die kraan oopdraai, kan sien hoe ons dam leeg is, en oor net meer as 20 dae is daar niks water nie, dan maak daardie prentjie- dat jy nou hier anders leef.

As jy byvoorbeeld, voor jy daardie skinderstorie vertel, kan sien die verwoesting of verdeeldheid wat dit kan veroorsaak, dan kies jy om dit nie te vertel nie….

As jy kan sien wat hierdie inpak van die "klein vinnige Sonde" oor die langtermyn gaan wees- op jou- op die mense wat lief is vir jou- en op jou omgewing, dan maak dit dat jy dalk anders leef…

So dalk gaan dit alles oor ons perspektief. Hoe ons kyk.

Dalk was Ann Voskamp reg toe sy gesê het:

- *You only begin to change your life when you begin to change the way you see*
- *Dit is nie waarna jy kyk wat saak maak nie, dit is hoe jy sien wat saak maak.*

Hierdie is hoe dit lyk wanneer Hemel afkom aarde toe. Hierdie is hoe dit lyk wanneer mens die nuwe Jerusalem sien (Dit wat God vir ons gaan bied) en dan die nuwe Jerusalem skep hier op aarde vir die mensdom. Die plek waar daar:

- Daar is nie 'n tempel nie, want die teenwoordigheid van God is oral
- Daar is nie 'n son en 'n maan nie, want die heerlikheid van God verlig almal
- Daar sal nie donker wees nie
- Die poorte/deur bly die hele tyd oop- dus is enigeen welkom.
- Daar is 'n rivier van lewende water
- Die boom is nie daar vir homself nie, maar om vrugte te dra en genesing te bring
- Dit is 'n ruimte waar God gedien word
- Dit is die ruimte waar God gesien word.
- En dan word daar weer bevestig dat daar geen donker gaan wees nie.

Mag ek en jy, hierdie prent so helder sien, dat ons anders na mekaar en na die wêreld kyk.